HOOFSTUK III

DIE "GUNSTIGE" BEELD VAN W.A. VAN DER STEL

1. INLEIDING

Hoewel sekere skrywers hulle vir die daarstelling van 'n meer gunstige beeld van W.A. van der Stel beywer het, het hulle volgens my mening nie daarin geslaag nie; daarom gebruik ek aanhalingstekens in die hoofstukopskrif. Hierdie "gunstige" beeld sal dus hieronder krities benader word.

In hierdie hoofstuk val die klem in eerste instansie op die beeld van W.A. van der Stel soos dit veral blyk uit sy eie pogings om homself teen die aanklagte van die vryburgers, soos vervat in die KLAGSKRIF, te verdedig.

Van der Stel se verdedigingspogings was van drieërlei aard: Hy het 'n "Getuigskrif van goeie gedrag" oor homself laat opstel en dit deur 'n hele aantal persone laat onderteken; hy het die vernaamste vryburgers wat die KLAGSKRIF onderteken het laat "verhoor" en hulle gedwing om hul aanklagte teen hom te herroep; hy het die KLAGSKRIF by twee geleenthede skriftelik probeer weerlê, eers in sy brief aan Here XVII (31.3.1706) en na sy ontslag in die KORTE DEDUCTIE van 1708. Die vryburgers het egter volledig op die oud-goewerneur se verdedigingspogings reageer in die CONTRA DEDUCTIE; daarom sal hierdie publikasie ook hier ter sprake moet kom.

In die vorige hoofstuk is reeds aangetoon dat die bekendste historici die vryburgers gelyk gegee het en Van der Stel

veroordeel het. Maar vroeg in hierdie eeu het sekere skry= wers Wilhem Adriaen egter probeer verdedig; daarom word hier ook aandag gegee aan dié groep skrywers wat Leo Fouché "Leibbrandt en zijn School" genoem het: H.C.V. Leibbrandt, I.D. Colvin, F.C. Dominicus, A.F. Trotter, J. Edgar, S.R. Welch en M.W. Spilhaus.[1)]

2. W.A. VAN DER STEL SE GETUIGSKRIF VAN GOEIE GEDRAG, 18.2.1706[2)]

Daar is reeds gewys op die verskillende tekste wat daar van hierdie dokument bestaan.[3)] Dit is noodsaaklik om sommige hiervan met mekaar te vergelyk, want hieruit kan interessante afleidings gemaak word.[4)]

As die oorspronklike teks van 1706 vergelyk word met dié wat Van der Stel in sy KORTE DEDUCTIE gepubliseer het, val 'n diepgaande verskil dadelik op. Eersgenoemde teks bevat 'n sekere gedeelte wat heeltemal weggelaat is uit sy gepubli= seerde verdediging. Dit lui soos volg: "vermits zijn Ed., met niet min ontsteltenisse des gemoeds, als tegen alle ver= wagting, na waarheid was bericht, en ter ooren gekomen, dat er verscheide kwaadaardige en ' zamen gerotte Inwoonderen deses Gouvernements, als muitineerders, tot die uitterste

1) Dominicus, Welch en Spilhaus het nie tot Fouché se lys be= hoort nie, maar is deur myself hier bygevoeg. Hulle werk het na Fouché se ondersoek verskyn; hulle is egter ook ver= dedigers van Van der Stel en hoort hier tuis. Kyk verder hoofstuk I, pp. 24, 25, 37 - 42 en hieronder pp. 109 - 121.

2) Kyk hoofstuk I, pp. 21 - 23.

3) Kyk hoofstuk I, pp. 22 - 23.

4) Kyk hoofstuk I, voetnoot 58.

buitenspoorigheid getreden waaren, van met den anderen seer Lasterlijke en malitieuse brieven, aangaande desselfs gedrag en regeeringe; tot krenking van zijn eer, reputatie, en ge= zag, 't zamen te stellen; en deselve, soo aan de Ed. Heeren Majores in 't vaderland, als de hooge Indische regeeringe tot Batavia, hadden afgezonden".[5] Van der Stel wou blyk= baar alles wat enigsins teen hom kon getuig uit sy gepubli= seerde pleidooi geheel of gedeeltelik weglaat. Verwysings na "kwaadaardige en t zamen gerotte Inwoonderen", "muiti= neerders", "Lasterlijke en malitieuse brieven" sou darem nie goed klink nie. Sulke sterk taal en so 'n skerp vooroor= deel pas mos nie by 'n goewerneur wat in sy eie onskuld glo nie.

Daar is egter meer voorbeelde uit sy gepubliseerde verdedi= ging waar die oud-goewerneur sekere stukke geheel en al weg= gelaat of verdonkermaan het. Die belangrike PLAKKAAT[6] van 4.3.1706, waarin sprake van oproer onder die burgers is, is byvoorbeeld heeltemal weggelaat. Hierdie weglaat van be= langrike inligting werp 'n ernstige refleksie op die beeld van Van der Stel en skep die indruk dat hy beslis nie eerlik opgetree het nie. Veel erger is egter sy vervalsing van die woorde van die vryburgers tydens hul verhore. Hierop word later gewys.[7]

Dit is nodig om vervolgens op die inhoud van hierdie

5) Aangehaal deur Franken: "Die Getuigskrif van W.A. van der Stel" in Die Huisgenoot, 1.3.1929, p. 23.

6) "Verbod teen samesweringe of tekening van lasterskrifte teen die owerheid", 4.3.1706 (Jeffreys (red.): S.A. Argiefstukke. Kaapse Plakkaatboek I, 1652 - 1707, pp. 347 - 348).

7) Kyk pp. 90 - 98.

GETUIGSKRIF te let. Daarin staan duidelik dat die Goewer= neur persone versoek het om die dokument te onderteken. Hulle het dit dus nie uit vrye beweging gedoen nie. Dit is ook bekend dat 'n versoek van die Goewerneur destyds niks anders as 'n bevel was nie. Baie van die ondertekenaars het later onder eed verklaar dat hulle dit "uijt swakheijt, en ten deele uijt vreeze" onderteken het, want Starrenburg het rondgegaan deur te sê dat die doel van die GETUIGSKRIF was "om zijne (Van der Stel se) vrinden van zijne vijanden te onderkennen, ten eijnde de vrinden te beschermen en de vijanden te straffen".[8] Die teks lui verder dat die onder= tekenaars onder andere verklaar dat hulle die Goewerneur eer en ken "voor een perzoon van alle eer en deugd in desselfs heele gedrag;" dat hy hom betoon het as "een heerlijk voor= beeld van zedigheid, in ijver voor 't gemeene best, Godsdiens= tig inde christelijke religie." Voorts minsaam omtrent een ieder in 't aanhooren en verleenen van oudentie; en eindelijk van een seer goederieren en zagtmoedigen aart". Verder het hy hom altoos getoon "als een vredelievend, opregt en trouw opperhoofd met een vreedsaam humeur".[9]

'n Mens staan verbaas dat Van der Stel werklik so naïef kon wees om so 'n dokument die wêreld in te stuur. Dit is iro= nies dat die hoedanighede wat hier aan hom toegeskryf word juis dié is wat hy nie besit het nie! Sy optrede teen sy onderdane het juis getoon dat hy nié 'n man van eer was nie; dat hy beslis nie 'n heerlike voorbeeld van sedigheid was nie; dat hy beslis nie so godsdienstig was nie. Die burgers moes seker lag gekry het vir die woorde "minsaam en vredeliewend" en veral vir die "vreedsame humeur"!

8) Aangehaal by Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 114.
9) Ibid., p. 19

Ian Colvin, een van Van der Stel se verdedigers, wou nie aanvaar dat Van der Stel baie van die handtekeninge vir sy GETUIGSKRIF afgepers het nie. "Of this I found no proof. There is no trace of any such violence or deceit."[10] Dat hy geen bewyse kon vind nie is verstaanbaar, want hy het nie die moeite gedoen om daarna te soek nie. Hy het byvoorbeeld nie die CONTRA DEDUCTIE geraadpleeg waar beëdigde verklarings duidelik toon hoe Starrenburg die Franse met pistole gedreig het toe hulle nie wou teken nie.[11] Professor J. Edgar, 'n ander Van der Stel-verdediger, kon weer nie begryp dat "if Adriaan had been an unjust and tyrannical ruler, it is hard to see how nearly a half of the whole free population of the country would have borne such a testimony in his favour."[12] Maar juis die teendeel kan ook beweer word, naamlik dat 'n "unjust and tyrannical ruler" so iets maklik kon regkry! Hy het al die middele vir so 'n doel tot sy beskikking gehad: omkopery, vleiende beloftes, harde dreigemente, leuens en daarby onbeperkte mag om dié wat weier te straf of hulle sy guns te ontsê. Sonder sy guns kon geen burger enigiets verkoop nie en waarom sou hulle sy vriendelike "versoek" dan weier? Colvin en Edgar vind dit blykbaar ook nie eienaardig dat die Goewerneur die dorpie se inwoners, slawe ingeslote, skielik so rojaal in die Kasteel trakteer het met die uitsluitlike doel om sy GETUIGSKRIF te laat onderteken nie!

Hierdie verdedigingspoging was vir Van der Stel niks werd nie; inteendeel, dit was so deursigtig dat dit juis getoon

10) Colvin: a.w., p. 149.

11) Verklaring deur A. Bleusel en J. de Buis, 20.3.1711 (Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, pp. 17 - 18).

12) J. Edgar: Brief in die Cape Times, 9.9.1909. Kyk ook hoofstuk I, p. 16.

het hoe skuldig hy in werklikheid gevoel het. Dit is dus begryplik dat dit blykbaar geen indruk op Here XVII gemaak het nie; nêrens het hulle iets daarvan gemeld nie.

Twee persone wat Van der Stel verdedig het in hulle werke, het blykbaar ook nie veel van hierdie dokument gedink nie. M.W. Spilhaus het byvoorbeeld nie 'n enkele woord daaroor geskryf nie![13] F.C. Dominicus het egter die volledige teks aangehaal, maar daarby gevoeg: "Hij stelde een stuk op, dat voor hem zoo iets moest zijn als een bewijs van goed gedrag, maar hij leed bij de opstelling ervan aan hetzelfde euvel, waaraan zijn vijanden hadden geleden bij het schrijven van hun klachtschrift. Hij wist geen maat te houden."[14] Dit is duidelik dat Van der Stel homself in 'n buitengewoon goeie lig wou voorstel en daarom kon dit nie oortuig nie.

3. DIE "CONFESSIEN" OF HERROEPINGS VAN DIE VRYBURGERS

'n Groot deel van Van der Stel se gepubliseerde verdediging berus op die sogenaamde "confessien" of herroepings van die gearresteerde ondertekenaars van die KLAGSKRIF. Telkens haal Van der Stel dit aan om te "bewys" dat hy onskuldig was aan die aanklagte van die burgers. Laasgenoemde het dit met die grootste beslistheid verwerp toe hulle hulself teen die KORTE DEDUCTIE verdedig het in die CONTRA DEDUCTIE. Hierin het hulle met talle beëdigde verklarings aangetoon dat hierdie herroepings nie die papier werd is waarop dit gedruk staan nie. Hulle beklemtoon veral die feit dat hierdie verhore onwettig was omdat hulle nie voor hulle "competente

13) Spilhaus: a.w. pp. 61 - 88.

14) Dominicus: a.w., p. 27.

Regter" verskyn het nie. Sommige verdedigers van die oud-goewerneur het hierdie "confessien" sondermeer aanvaar en hom op grond daarvan verdedig. Hulle het nie die CONTRA DEDUCTIE gelees of wou dit nie aanvaar nie, selfs al het Jacob van der Heiden byvoorbeeld in 1708 onder eed verklaar dat "den Secretaris Abraham Poulle, myn responsiven valschelyk, en verkeerd heeft ter neder geflanst in voorsz. Interogatorien."[15] En dit geld vir die meeste "gedetineerde, en tot den laasten droppel bloeds toe gemartiliseerde medebroederen."[16]

Van der Stel het 'n hele paar "confessien" in sy KORTE DEDUCTIE gepubliseer.[17] As hierdie herroepings die volle waarheid bevat, verval die burgers se aanklagte teen die Goewerneur en verander die hele negatiewe beeld van Van der Stel, want hierin herroep die burgers alles wat hulle in die KLAGSKRIF teen hom gesê het. Die waarde van hierdie stukke hang natuurlik af van die wyse waarop dit verkry is en of dit korrek en eerlik in die KORTE DEDUCTIE gepubliseer is. Nog voor 'n mens na die inhoud van die herroepings gekyk het, kom dit darem baie vreemd voor dat al die verhoorde vryburgers hul aanklagte teen die Goewerneur so maklik herroep het. Sou 'n groepie ontevrede burgers werklik so naïef gewees het om so 'n lywige dokument vol denkbeeldige klagtes aan die hoë owerhede in Batavia en Nederland te stuur? Hierdie vraag het blykbaar nóg by Van der Stel, nóg by sy latere

15) Verklaring deur J. van der Heiden, 24.3.1708, Contra Deductie, p. 65.

16) Ibid., p. 66. Kyk ook verklaring deur burgers op pp. 110, 111 - 116.

17) Kyk Leibbrandt: Precis ... The defence of W.A. van der Stel, pp. 72 - 103.

verdedigers opgekom.

Die klagtes was gerig teen die Goewerneur, sy broer Frans en die hoofamptenare. Die ironie is egter dat die meeste van hierdie amptenare ook lede van die Raad van Justisie was wat die burgers moes verhoor! Hulle sou dus optree as regters in hul eie saak! Hendrik Bouman, die burger wat die vry= burgers in bogenoemde Raad moes verteenwoordig, was 'n be= sondere gunsteling van die Goewerneur en hy is teen die wense van die vryburgers in hierdie pos aangestel, wat sy teenwoor= digheid in die betrokke Raad onwettig maak.[18] Hoewel Van der Stel self nie as voorsitter opgetree het nie, het hy tog indirek van agter 'n deur die leiding in die hofverrigtinge geneem![19] Hierdie onwettige regbank was dus niks anders as 'n klug nie, en tog maak Van der Stel se verdedigers nie een hiervan melding nie. Dit is maar een voorbeeld waar hierdie skrywers die oë eenvoudig gesluit het vir sake wat Van der Stel kon benadeel.

Dit is opvallend dat Van der Stel geen uittreksel uit die verhoor van Jacob van der Heiden in sy KORTE DEDUCTIE opge= neem het nie. Hy was immers een van die hoofleiers van die vryburgers en hy is die langste ondervra. Die rede vir hierdie weglating word egter baie duidelik as 'n mens die in= houd van hierdie betrokke verhoor in die CONTRA DEDUCTIE[20] nagaan. Van der Heiden het te veel dinge laat blyk wat vir die Goewerneur skadelik kon wees. Dit blyk dat Van der

18) Bōgaert: a.w., p. 528. Die vryburgers het Bouman nie as hulle wettige verteenwoordiger verkies nie, maar hy is deur die Goewerneur in hierdie Raad benoem.

19) Kyk hoofstuk I, pp. 64, 65.

20) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, pp. 58 - 65.

Heiden nie eens op al die vrae wou antwoord nie, laat staan nog herroep! Daarom moes hy eers "sag" gemaak word in die "donker gat". Toe sy vrou aan die Goewerneur gaan vra het waarom hy haar man so onchristelik behandel, was die antwoord: "Uw man is zoo hartnekkig en stout, dat ik hem, om waarheid te doen spreken, wel kan aan de pynbank brengen."[21] Van der Heiden moes uiteindelik, nadat hy feitlik 'n volle maand in die berugte "donker gat" opgesluit was, altesaam meer as sewentig vrae beantwoord. Enkele voorbeelde word gegee. Vraag sestien wou byvoorbeeld weet wat die burgers se doel met hul "oproer" was. Antwoord deur Van der Heiden: "Zegt geen oproer getragt of verwekt te hebben, maar dat ze het geschrift hebben opgesteld om haar klagten te doen om dattet haar niet wel na haar zin ging."[22] Vraag sewentien: "Waar in de Gemeente door de Ed. Heer Gouverneur verkort of benadeelt is?" Antwoord: "Zegt datze belet zyn geworden hout te kappen, en Wyn voorby het Fort te ryden; of dat haar wagens aangehouden wierden, zoo datze haar waren na hun goeddunken niet konden leveren."[23] Toe Van der Heiden gevra is of hy ooit by die Goewerneur self gaan kla het, het hy bevestigend geantwoord. Van der Stel het in sy DEDUCTIE beweer dat die burgers nooit by hom kom kla het nie. Uit bogenoemde antwoorde van Van der Heiden blyk egter duidelik waarom Van der Stel sy verhoor weggelaat het uit sy verdediging en waarom hy eersgenoemde nie ook na Nederland gedeporteer het nie. Vir die Goewerneur was hy blykbaar 'n tē gevaarlike getuie.

21) Aangehaal by Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 48.
22) Ibid., pp. 59, 60.
23) Ibid., p. 60.

Dit is verder insiggewend dat Wessel Pretorius en Daniel Zevenhoven se "interrogatoria" of ondervragings nie in die KORTE DEDUCTIE verskyn nie, maar slegs hul herroepings in algemene bewoording opgestel. As 'n mens die ondervragings lees, word dit egter duidelik waarom Van der Stel dit gedoen het.[24] Pretorius het byvoorbeeld tydens sy verhoor dinge gesê wat Van der Stel nooit sou publiseer nie.[25] Daar is byvoorbeeld aan hom gevra wat hom beweeg het om die KLAGSKRIF te onderteken. Sy antwoord: "om dat geen Leggertjie Wyn aan de pagter kan verkopen, en dat zyn Vee word verdreven, en alzo tot armoe vervalt."[26] Pretorius het ook uitdruklik verklaar dat die Goewerneur en ander amptenare se grondbesit die belangrikste oorsaak van die ontevredenheid was. Pretorius is eenvoudig gedwing om die stuk wat Starrenburg opgestel het te onderteken! Hierdie sogenaamde herroeping beteken dus niks. Volgens Van der Stel se gepubliseerde verdediging sou Pretorius onder andere vrywillig verklaar het dat hy deur sommige vryburgers versoek is om die KLAGSKRIF te onderteken waarin die Goewerneur belaster en beswadder is; dat hulle gedreig het om sy nek te breek as hy sou weier om te teken en daarom het hy uit vrees gehoorsaam. Pretorius sou verder verklaar het dat die Goewerneur hom nooit sleg behandel het nie en dat hy baie jammer was dat hy die dokument onderteken het. Hy sou daarop versoek het dat sy naam van die KLAGSKRIF geskrap moes word. Ten slotte het hy verklaar dat hy nooit alleen of saam met ander teen die

24) Interrogatie van Wessel Pretorius: Contra Deductie, pp. 67 - 72.

25) Verklaring deur Wessel Pretorius 28.2.1711: Contra Deductie, pp. 33v. Kyk sy verhoor, pp. 67 - 72.

26) Ibid., p. 68.

Goewerneur saamgespan het nie en dat die Goewerneur nooit enige burger benadeel het nie.[27)]

'n Mens kan dit kwalik glo dat Pretorius so 'n vernederende verklaring vrywillig sou aflê. Dit is dus begryplik dat hy dit "frivool en met de waarheid geensints over een komende te zyn"[28)] genoem het nie. Hy het later onder eed verklaar dat hy nooit enige vrywillige verklaring voor die Raad van Justisie afgelê het nie; hy het die KLAGSKRIF uit eie beweging onderteken en hy is nooit deur enige persoon daartoe gedwing nie. In werklikheid is hy "door harde dreigementen tot het herteikenen in faveur van Van der Stel (is) geper=suadeert."[29)] Starrenburg het hom gedreig dat hy langer as 'n jaar in die gevangenis sou sit as hy nie sy aanklag teen die Goewerneur herroep nie. Hy is ook met verbanning en die totale ruïnering van sy familie gedreig. Dit is die soort metodes waarvan die Goewerneur se aanklaer gebruik gemaak het en dit is dus geensins vreemd dat die meeste burgers hulle aanklagte herroep het nie. Zevenhoven het by=voorbeeld ook verklaar dat hy herroep het "uit grote vreese, dewyl hem d'exempelen zyner gevange, en in donkere vuile stinkende gaaten gesmeetene medebroederen dagelyks voor oogen lagen."[30)]

Van der Stel skep in sy KORTE DEDUCTIE verder die indruk dat die verskillende verhore elkeen slegs op een datum plaasgevind het. Dit was natuurlik glad nie die geval nie, maar

27) Kyk byvoegsel D 12: Leibbrandt: Precis ... The defence of W.A. van der Stel, p. 101.

28) Kyk voetnoot 22 hierbo.

29) Ibid.

30) Aangehaal by Fouché: a.w. (1970), p. 288.

hy wou blykbaar voorgee dat die burgers geen teenstand ge= toon het nie en hulle aanklagte teen die Goewerneur sommer dadelik herroep het. Die CONTRA DEDUCTIE toon duidelik dat sommige verhore selfs maande geduur het. Die burgers het onder eed bevestig hoe hulle tussen die verhore "bewerk" is sodat hulle meer bevredigende antwoorde kon gee!

As 'n mens die "uittreksels" uit die verhore in die KORTE DEDUCTIE vergelyk het die volledige tekste in die CONTRA DEDUCTIE, kom interessante feite aan die lig. Daar is by= voorbeeld 118 vrae aan Adam Tas gestel, maar Van der Stel gee slegs vier-en-dertig, "kortheidshalwe", soos hy verdui= delik het. Nou is dit eienaardig dat hy die verhore van Steven Vermey en Christiaan Wynoch, wat minder belangrike figure was, feitlik volledig weergee. 'n Mens sou eerder verwag dat Tas, een van die Goewerneur se vernaamste teë= standers, se verhoor vollediger weergegee word. Maar seke= re antwoorde is doelbewus weggelaat. Vraag negentien lui: "Wat voor deze t'samen Rotting hunne Intentie is geweest, en waarop het ijnde zyn doel had?" Die antwoord: "Segt datse met malkanderen tegemoet siende dat d'ingezetenen alhier tot armoede stonden te vervallen, sij te samen uijt liefde tot welstand van de gemeente geteekent hebben."[31] Dit was tog 'n baie belangrike vraag én antwoord! Dis die spil waarom alles gedraai het, maar Van der Stel laat dit weg! Ook vraag drie-en-dertig is weggelaat waar gevra is in watter opsig die burgers benadeel is. Antwoord: Dat die vernaam= ste amptenare die meeste grond besit "en dat sulx tot verval en armoede, en groot nadeel van d'ingezeetenen is."[32]

31) Fouché: a.w.(1970), p. 306.

32) Ibid., p. 308.

Sodanige weglatings kom neer op verdraaiing van die waar= heid. En dan skroom Van der Stel nie om die versekering te gee dat die burgers op 'n wettige en ordentlike wyse verhoor is en daarop hul beskuldigings herroep het.[33] Dit is nie die waarheid nie, want geen enkele burger is op 'n wettige wyse verhoor nie; inteendeel, die "confessien" is op die mees onwettige wyse verkry. Van der Stel het geweet dat hy skuldig is en dat die klagtes teen hom gegrond was en daarom móés hierdie klagtes ten alle koste onskadelik gemaak word.

Ian Colvin het hierdie herroepings, soos dit in Leibbrandt se vertaling staan, sondermeer aanvaar. Daarom sê hy: "Not one of these witnesses could bring an atom of proof in support of any of the charges in the Petition."[34] Dit is presies die indruk wat Van der Stel met sy sorgvuldig voor= bereide "uittreksels" op sy oningeligte lesers wou maak.

Professor Leo Fouché het 'n diepgaande ondersoek na die ver= hore van die vryburgers ingestel.[35] Niemand het sedert= dien bewys dat sy bevindings foutief was nie, naamlik dat Van der Stel se vervolging van die vryburgers slegs één doel voor oë gehad het - die onderdrukking van die waarheid. "De Interrogatoria waren voor hem (Van der Stel) uiterst ge= vaarlik gebleken. Hun volledige inhoud bewees ten volle, dat de klachten tegen hem gegrond waren. Daarom moesten zij gemutileerd en vervalst worden. Wat dus de tirannie niet had vermocht, moest nu het bedrog bewerkstelligen."[36]

33) Kyk reël 71 en 72 in die Korte Deductie (Leibbrandt: Precis ... The defence of W.A. van der Stel, p. 4).

34) Colvin: a.w., p. 146.

35) Fouché: a.w. (1970), pp. 260 - 320.

36) Ibid., p. 318.

Maar Van der Stel wou nie alleen die ondertekenaars van die KLAGSKRIF se monde snoer nie; hy het ook sy uiterste bes gedoen om laasgenoemde dokument te weerlê.

4. VAN DER STEL SE TWEE POGINGS OM DIE KLAGSKRIF TE WEERLÊ: 1706 EN 1708

Van der Stel se twee skriftelike pogings waarin hy die burgers se KLAGSKRIF probeer weerlê het, beslaan baie bladsye. Dit is nie nodig om hierdie omslagtige verdedigingspogings artikel vir artikel te bespreek nie; slegs dit wat betrekking het op die beeld van Wilhem Adriaen kry hier aandag.

Van der Stel se eerste skriftelike reaksie in 1706 staan ook bekend as die "Skriftelike verantwoording".[37] Sy tweede poging in 1708 vorm deel van sy KORTE DEDUCTIE.[38] As die twee tekste vergelyk word, vind 'n mens dat daar 'n groot verskil tussen die twee bestaan. Van der Stel druk hom veel sterker uit in teks A en dit is in sommige opsigte nie so uitgebreid soos teks B nie. In eersgenoemde noem Wilhem Adriaen die KLAGSKRIF "een naamschendig en eerrovend lasterschrift"[39]; en ook "dit goddeloos geschrift" met sy "onbehoorlyke klachten, vinnige beschuldigen, en gruwelyke vervalsingen". Die Goewerneur het nie veel tyd gehad om teks A

37) Die volledige teks is opgeneem in Bőgaert: a.w., pp. 567 - 584. Hierdie teks word voortaan teks A genoem, terwyl die 1708-teks teks B genoem word.

38) Vir volledige teks, kyk Leibbrandt: Precis ... The defence of W.A. van der Stel, pp. 1 - 52 of Korte Deductie van Willem Adriaen van der Stel, pp. 1 - 44.

39) Aangehaal by Bőgaert: a.w., p. 567.

te skryf nie,[40] maar dit is duidelik dat hy hom deegliker besin het met sy tweede poging; laasgenoemde teks bevat feitlik geen voorbeeld van die sterk taal van die eerste teks nie. In teks B is sy taalgebruik byvoorbeeld heelwat meer getemper as hy na die "onheuscheyt van alle de beschuldigingen"[41] verwys. In 1706 noem hy Adam Tas "deze lustige Schryver" of "deze vuilaardigen Schryver" en "leugenschryver". Hy verwys verder na Tas se "hatelyke en vuilaardige natuur" en sy "boosaardige, verzierde en doemwaardige leugens".[42] Hierdie onwaardige en heftige bewoording werp beslis 'n ongunstige lig op die beeld van W.A. van der Stel. Dit toon duidelik dat die burgers korrek was toe hulle beweer het dat die Goewerneur hom te buite gegaan het as hy deur iemand teëgegaan is. 'n Mens kan dus ook begryp dat hy hom op Adam Tas wou wreek. Laasgenoemde was immers die skrywer van die DAGBOEK en die KLAGSKRIF waarin die Goewerneur heftig aangeval is; iets wat geen burger nog ooit voorheen durf waag het nie.

Van der Stel begin teks B met 'n inleiding waarin hy skryf dat hy gedurende die eerste ses jaar van sy bestuur geen ontevredenheid onder die burgers bespeur het of enige klagtes ontvang het nie. Reg aan die begin van sy verdediging vertel Van der Stel dus 'n leuen, want die burgers het duidelik aangetoon dat hulle dikwels en nederig by die Goewerneur gekla het: "Immers hebben te voren eenige van ons zyn Wel Edele dikwels ootmoedigst gesmeekt, instandigst versogt, en weemoedigst gebeden, dat hy ons dog in onze Voorregten, niet

40) Bőgaert: a.w. p. 567. Kyk ook hoofstuk I, pp. 20, 21.
41) Van der Stel: Korte Deductie, p. 3.
42) Aangehaal by Bőgaert: a.w., p. 567.

benadeelen; dog het was zyn Ed. voor een doven mans deure geklopt."[43] Van der Stel beweer verder dat die ontevredenheid in 1706 slegs tot 'n klein groepie boere beperk was. Hierdie bewering is deur die burgers in die CONTRA DEDUCTIE ontken. Die feit dat die KLAGSKRIF deur so min burgers onderteken is, is misleidend, want die dokument moes geheim gehou word en dan was talle burgers eenvoudig te bang om te teken uit vrees vir die wraak van die Goewerneur.[44]

Vervolgens behandel Van der Stel die verskillende artikels van die KLAGSKRIF. Hy betrek dadelik ses verskillende artikels onder een hoof; volgens hom is dit nie spesifieke klagtes nie.[45] Dit is artikels waarin die Goewerneur beskuldig word van onregverdige en trotse oorheersing van die vryburgers; dat hy laasgenoemde erger as slawe behandel; dat hy hulle op ongehoorde wyse onderdruk; dat hy optree asof die hele land slegs aan hom behoort; dat hy geld van die Weeskamer en Diakonie wanbestee het; dat hy deur sy "tirannische manier van regeering" die vryburgers verbied het om vrylik handel te dryf; dat hy sy sinspreuk uitgeleef het "dat een berooide gemeente gemakkelijk te regeeren" is. Hierdie aanklagte word nou deur Van der Stel "kortheidshalwe" as een klag beskou! Vir sy verweer hierteen beroep hy hom op die GETUIGSKRIF VAN GOEIE GEDRAG asook die herroepings van die vryburgers. Daar kan hoegenaamd nie op hierdie "bewyse" gesteun word nie [46] en daarom kan Van der Stel en diegene

43) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 2.

44) Ibid., pp. 58, 107.

45) Klagskrif, Artikels I, XI, XXX, XXXIV, XXXVII, XXXVIII (Dominicus: a.w., pp. 33, 35, 36, 40, 43, 44).

46) Kyk p. 85v. hierbo.

wat hom op grond hiervan verdedig het alleen die oningewyde beïndruk. Hierdie ses artikels bevat ernstige aanklagte teen die Goewerneur waarvan twee beslis spesifieke aanklagte is, naamlik die wanbesteding van geld en die feit dat hy bur= gers belet het om vrylik handel te dryf.

In die tweede artikel van hul KLAGSKRIF het die burgers dit gehad oor die Goewerneur se reuseboerdery. Van der Stel het tereg in sy verweer aangetoon dat hy "Vergelegen" op wet= tige wyse van kommissaris Valckenier ontvang het en dat die boere oordryf toe hulle beweer het dat vyftig boere daar 'n bestaan kon maak. Verder klink sy verdediging maar power. In teks A skryf hy dat wat die aantal skape en beeste betref "er niet meer by deze hoffstede zyn, als 'er tot ploegen, mesten enz. benoodigt is".[47] In teks B erken hy darem dat dit "enige duyzent schapen, en enige hondert runderen" was, "sonder het getal nochtans te konnen begroten".[48] Dit was só baie dat selfs hy nie geweet het hoeveel hy besit het nie! In teks A erken hy dat hy wel vyf veeposte gehad het, maar in teks B word dit agt. Die vryburgers het in die KLAGSKRIF beweer dat dit vyftien veeposte was, maar later is duidelik aangetoon dat dit in werklikheid agtien was![49] Die burgers het telkens in hul gepubliseerde verweer teen die KORTE DEDUCTIE aangetoon dat Van der Stel nie die waarheid gepraat het nie. Op grond hiervan moet sy hele verdediging in duie stort, maar sy latere verdedigers verwerp die CONTRA DEDUCTIE en hou vol dat die Goewerneur onskuldig was, maar gee nie bewysplase nie.

47) Aangehaal by Bőgaert: a.w., p. 568.
48) Van der Stel: Korte Deductie, p. 8.
49) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 163.

Van der Stel het dus erken dat hy geboer het, al het hy nie met die burgers saamgestem oor die omvang daarvan nie. Beëdigde verklarings in die CONTRA DEDUCTIE, deur persone wat jare op "Vergelegen" gewerk het, toon egter duidelik aan dat die vryburgers die grootte van die Goewerneur se boerdery in werklikheid onderskat het.[50)]

Die vryburgers het ook oor die predikant, Petrus Kalden, ge=kla.[51)] Van der Stel het hom egter verdedig in teks A, maar op so 'n wyse dat dit 'n swak indruk laat; hy noem die KLAGSKRIF hier "een vervloekte gemoedschrift en helsche passie".[52)] In teks B is hierdie uitbarsting heeltemal weggelaat, omdat hy blykbaar besef het dat sulke taal sy saak alleen kon benadeel.

As Van der Stel homself verdedig teen die aanklag dat hy sy werk verwaarloos het,[53)] kan hy sy woede kwalik verberg. In teks A skryf hy dat die aanklaers blykbaar verwag dat hy hom in die Kasteel moet opsluit, al is daar ook nie dringende werk nie. Hulle vergeet dat die Goewerneur toesig oor die hele land moet hou en as hy tyd oor het "zyn eigene landbouw voortzetten".[54)] Dan wend hy hom smalend tot Adam Tas: "... indien gy Schryver met dien zelven yver en lust - - zyn Edele nagevolgt hadde, in plaats van by de buurt te lopen slenteren, en dagelyks de maag vol wyn te storten,

50) Verklarings deur A. van Emmenis en Jan van der Heiden: Contra Deductie, pp. 129 - 131.

51) Klagskrif, Artikel V (Dominicus: a.w., pp. 34, 35).

52) Aangehaal by Bőgaert: a.w., p. 570.

53) Klagskrif, Artikel VI (Dominicus: a.w., p. 35).

54) Aangehaal by Bőgaert: a.w., p. 571.

latende de landbouwerye door zwarte jongens verrichten ... en wanstallige ontwerpen smeet ... men zou thans wat meer rust in deze volkplanting zien ...".[55] Van der Stel ver= wys hier na inligting wat hy in Tas se DAGBOEK gekry het. Op heelwat plekke skryf Tas op luimige wyse hoe die boere 'n pypie gerook of 'n glasie wyn geniet het as hulle by mekaar kuier. Van der Stel het Tas se fyn gespot met homself en met ander blykbaar heeltemal te ernstig opgeneem, maar hy het blykbaar ook gemeen dat aanval beter as verdediging is en daarom reageer hy so skerp teen Tas. In die eerste teks erken hy nie dat hy soms lank na sy plaas afwesig was nie, maar in teks B erken hy wel dat hy soms 'n week op "Verge= legen was! Hierby voeg hy 'n belediging as hy sê dat sy teenwoordigheid op die platteland nodig was "omme door zijn gesagh allerhande ongeregeltheden van een hoop qualick opge= voede menschen te beletten".[56] Die burgers het duidelik aangetoon dat Van der Stel ook hier 'n leuen vertel het.[57] Hulle ontken dat hy die platteland besoek het om die "onop= gevoede" burgers te beheer; hy het die platteland wel dik= wels besoek op pad na "Vergelegen" saam "met zyne Juffrouwen van plaisier".[58]

Die burgers het Van der Stel ook daarvan beskuldig dat hy sy broer Frans opgesteek het om twee oud-burgerrade, wat by hom

55) Aangehaal by Bőgaert: a.w., p. 571. My onderstreping. Van der Stel het hier op 'n saak gewys wat baie blankes (selfs vandag) nie tot eer strek nie.

56) Van der Stel: Korte Deductie, p. 18.

57) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, pp. 151, 152, 185; Fouché: a.w.(1970), pp. 102, 103 (Voetnoot 139).

58) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 185.

in onguns verval het, af te ransel.[59] Van der Stel het blykbaar self nie hiervoor kans gesien nie, maar dit geld ook vir Frans van der Stel. Laasgenoemde het 'n sekere burger gevra om hierdie vuilwerk vir hom te doen. In beide tekste A en B ontken Van der Stel hierdie beskuldiging ten sterkste. In teks A noem hy dit "hooggaande lastertaal en wrede beschuldiging" wat deur "alle christlievende en redelyke menschen" verfoei moet word.[60] Weer eens beroep hy hom op die herroepings van die burgers; tydens die verhore sou hulle glo gesê het dat hulle niks van hierdie aanklag teen die Goewerneur weet nie. Van der Heiden en Tas het later beweer dat hulle wel deeglik van hierdie beskuldiging geweet het, maar tydens die "verhore" gedwing is om dit te ontken.[61] Hulle verklaar verder dat Van der Stel "door zo veel valschheden verhard niet meer voelt wat een Eed te zeggen is, want anders zoude hy met dezelve te presenteeren zo frivool niet te werk gaan, gelyk wel meermalen in deze zyn Deductie geschied".[62] Die een kwaad het die ander gebaar en, voeg die burgers by, Van der Stel het die volgende spreekwoord vergeet: "Een leugenaar moet by zyn zeggen persisteeren, anders komt zyne leugentaal aan den dag".[63] 'n Vergelyking tussen teks A en B toon baie duidelik dat die burgers die spyker op die kop geslaan het met hierdie opmerking.

In hul sestiende artikel het die vryburgers Van der Stel

59) Klagskrif, Artikel X (Dominicus: a.w., p. 35).
60) Aangehaal by Bőgaert: a.w., p. 572.
61) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 202.
62) Ibid.
63) Ibid.

daarvan beskuldig dat hy hulle verhinder het om met vreemde skepe handel te dryf.[64] As verdediging publiseer Wilhem Adriaen 'n verklaring deur nege groenteboere waarin hulle verklaar dat hulle dikwels produkte aan vreemde skepe verkoop het sonder dat die Goewerneur hulle gepla het.[65] Dit is egter opvallend dat die name wat by hierdie verklaring verskyn almal bekende vriende van die Goewerneur was en dat hierdie "gunstelingen speciale permissie tot zulken leveranties hebben genooten".[66] Van der Stel ontken dat hy soldate by die hawe geplaas het om die vryburgers voor te keer; hulle was maar net daar om wanpraktyke te voorkom! Hy ontken ook dat hy self produkte aan die skepe gelewer het, want sy plaas was te ver en as gevolg van die afstand sou die groente verlep het. Die burgers het egter hierop reageer en aangetoon dat die Goewerneur groot groentetuine naby die Kasteel gehad het waarvandaan gereeld vars groente aan die skepe voorsien is en hierdie geld het nie na die Kompanjie gegaan nie, maar aan Van der Stel persoonlik.[67]

Wilhem Adriaen het hom ook verdedig teen die ernstige aanklagte dat hy geskenke van die burgers afgepers het. Hy gaan selfs só ver om voor God en mens te sweer dat hy nooit gedurende sy hele bestuurstyd direk of indirek die kleinste present van enige burger verlang het nie. Hy daag enige persoon uit om te bewys dat hy geskenke ontvang het vir

64) Hoofstuk II, p. 63.

65) Aangehaal by Leibbrandt: Precis ... The defence of W.A. van der Stel, p. 177.

66) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 226.

67) Ibid., p. 227.

grond wat hy toegeken het.[68] Hierdie sterk bewoording klink nogal oortuigend; Van der Stel het blykbaar besef dat hy hier met 'n ernstige aanklag te doen het wat ten alle koste ontken moes word. Dit was algemeen bekend dat die Goewerneur geen guns bewys het voordat hy nie 'n geskenk daarvoor ontvang het nie. Ferdinand Appel het byvoorbeeld onder eed verklaar dat hy 'n honderd speenooie aan die Goewerneur gegee het vir 'n sekere stuk grond, maar dat laasgenoemde nie hiermee tevrede was nie. Hy het sy plaasbestuurder, Jan Hartog, gestuur om nog 'n honderd ooie te gaan haal! Appel het geweier, maar aangesien hy verleë was om die grond te kry het hy uiteindelik ingestem om die ooie teen 'n besonder lae prys aan Van der Stel te verkoop. Ten spyte van hierdie 200 ooie het die Goewerneur die betrokke stuk grond nie aan Appel gegee nie, maar wel aan Pieter van der Heyden![69] Voeg hierby die 10 000 gulden, 3 000 skape en twee knap skaapwagters wat Henning Hüsing aan Van der Stel geskenk het[70] en die dertig leggers wyn wat die Goewerneur van Jacob van der Heiden wou afpers, dan blyk dit dat die burgers gelyk gehad het toe hulle beweer het dat Van der Stel deur sy talle leuens so verhard is dat hy nie meer besef het wat 'n eed is nie. Daarom het hulle nie geskroom om dié eedafleggings as goedkoop te bestempel nie.[71]

In die nege-en-twintigste artikel van hul KLAGSKRIF het die burgers by die kern van hul aanklagte gekom toe hulle die

68) Aangehaal by Leibbrandt: Precis ... The defence of W.A. van der Stel, p. 43.

69) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, pp. 119 - 120.

70) Ibid., pp. 120 - 121.

71) Ibid., p. 271.

Goewerneur en sy vernaamste amptenare van grootskaalse, on= wettige boerdery beskuldig het.[72] In teks A van sy verde= diging toon Van der Stel omslagtig aan hoe hulle aan hul grond gekom het en beskuldig hy weer op sy beurt die boere van jaloesie, want hulle sou graag wou sien dat die Goewer= neur en sy amptenare "in eenen beschreielyken, geldloozen en machtloozen staat" moet verval.[73] Onwetend het Van der Stel hier 'n groot waarheid ontbloot; geld en mag is juis dié sake waarop hy hom blind gestaar het en wat uiteindelik tot sy ondergang sou lei. In teks B van sy verdediging sê Wilhem Adriaen dat hy liewer sy mond sal hou en nie op hier= die aanklag antwoord nie aangesien die klaers tóg hulle sin gekry het![74] Moontlik het hy ook besef dat hy in 1706 reeds sy mond verby gepraat het.

In die voorlaaste artikel van hul KLAGSKRIF het die burgers die Goewerneur "eenen geessel van dezes lands inwoonders" genoem; dat hy "ongevoelig voor de deugd is, en geen de minste achting voor een eerlijk man heeft".[75] Hierop reageer Van der Stel in 1706 omslagtig en dreig hy die "boos= aardige menschen" met hul "satans drift".[76] Veral die vol= gende woorde klink sinister: "Gode zy dankt! dat hunne in duister gesmeede vervloekte voornemens zyn aan den dag geko= men, waar door het kwaat op hunne eigene hoofden zal neer= dalen ...".[77] Hierdie dreigement het Van der Stel deeglik

72) Kyk hoofstuk II, pp. 52 - 56.

73) Aangehaal by Bőgaert: a.w., p. 579. Deur my onderstreep.

74) Aangehaal by Leibbrandt: Precis ... The defence of W.A. van der Stel, pp. 44, 45.

75) Dominicus: a.w., p. 44.

76) Aangehaal by Bőgaert: a.w., p. 583.

77) Ibid.

nagekom. In 1708 herhaal hy egter nie 'n enkele woord in sy verdediging wat hy in teks A gesê het nie. Die verskil is dat hy hom in 1706 in 'n magsposisie bevind het, maar twee jaar later is hy terug in Nederland terwyl die koloniste hul oorwinning vier.

Van der Heiden en Tas som Van der Stel se verdediging mooi op as hulle hul reaksie op dié verdediging sô afsluit: Hulle sluit hulle "regtvaardige zaak" af deur te sê dat W.A. van der Stel in sy KORTE DEDUCTIE bewys het dat hy "in de konst van regeering weinig is geoeffent, in de rechtsgeleertheid onbedreeven, en in de boeken der wyzen ongefundeerd, zelfs in de kennisse van den Godsdienst zeer onervaren".[78)]

As 'n mens Van der Stel se verdediging lees, sy optrede kri= ties beskou, kom die volgende vraag onwillekeurig by 'n mens op: Sou Van der Stel werklik gedink het dat sy grootskaalse boerdery en sy onderdrukking van die vryburgers nooit in Nederland bekend sou word nie? Dit wil werklik voorkom asof hy die vryburgers, wat hy "een hoop qualyk opgevoeden mens= chen" genoem het, hopeloos onderskat het. Het die groot af= stand tussen die Kaap en Nederland en die gebrek aan kommu= nikasie nie 'n valse gerustheid by die Goewerneur gewek nie? En tog moes die Goewerneur se optrede een of ander tyd aan die lig gekom het, want die burgers het immers familie en vriende in Nederland gehad aan wie hulle geskryf het. 'n Ander aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is die feit dat die Goewerneur se mede-amptenare hom so 'n vrye hand gegee het. Nicolaas Oortmans en Johannes Swellengrebel se verset in die Raad van Justisie is een van die min voorbeelde

78) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 300.

waar amptenare dit gewaag het om die Goewerneur teë te gaan.[79)]

Van der Stel het nooit op die burgers se CONTRA DEDUCTIE ge= reageer nie en dit wou voorkom asof die laaste woord oor die stryd tussen Goewerneur en vryburger gespreek is. Dit was egter nie die geval nie, want in ons tyd het sekere skrywers weer eens 'n poging aangewend om Wilhem Adriaen te verdedig en 'n ander beeld van hom na vore te bring.

5. DIE LEIBBRANDT-SKOOL VERDEDIG W.A. VAN DER STEL[80)]

W.A. van der Stel is een van dié historiese persoonlikhede in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing en letterkunde wat oor 'n lang tydperk die aandag opgeëis het. Na sy ontslag deur Here XVII in 1706 het hy die Kaap vir goed verlaat, maar sy agtjarige bestuur sou telkens daarna weer in herin= nering geroep word deur die volgende persone: W.A. van der Stel (1708), A. Bőgaert (1711), J. van der Heiden en A. Tas (1712), P. Kolbe (1719), H.C.V. Leibbrandt (1887 en 1897), A.F. Trotter (1903), I.D. Colvin (1909), G.M. Theal (1913), L. Fouché (1914), F.C. Dominicus (1928), J.L.M. Franken (1927 - 1929), A. de Villiers (1947), S.R. Welch (1951), D.J. Opperman (1956), A.J. Böeseken (1962), M.W. Spilhaus (1966), G.D. Scholtz (1968) en K.E. Grové (1970).[81)] Dit is egter nie die doel om hier in te gaan op al hierdie persone se werk nie; ek wys slegs op diegene wat Van der Stel verdedig het.

79) Kyk hoofstuk II, p. 73.

80) Kyk hoofstuk I, pp. 37 - 43 vir name van outeurs en hul werke.

81) Ek noem hier die outeurs wat hiervoor verantwoordelik was met die datums van hul publikasies tussen hakies.

5.1 Die vryburgers word beskuldig en beledig

Die Leibbrandt-skool[82] is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat die Van der Stel-tydperk weer vroeg in hierdie eeu en ook later hernieude aandag gekry het. Hulle het gepoog om 'n nuwe, meer gunstige beeld van Wilhem Adriaen daar te stel. Die meeste van hierdie skrywers het beweer dat die fout nie by Van der Stel gesoek moet word nie, maar by die vryburgers. Hulle is egter nie die eerste skrywers wat daarop gewys het dat die vryburgers ook hulle foute gehad het nie, want ook dié historici wat Van der Stel veroordeel het, het dit erken. Die verskil is egter dat die Leibbrandt-skool in die algemeen vroeg in hierdie eeu heftig teen die vryburgers te velde getrek het. Dit het geskied in 'n tyd van politieke stryd in Suid-Afrika. Geen wonder dat die bekende historikus, dr. George McCall Theal, in 'n brief aan die pers in 1909 hom soos volg uitgelaat het toe hy na Ian Colvin se boek, SOUTH AFRICA, verwys het: "I most sincerely wish it could be rewritten with much less prejudice against these South African colonists who are now fellow-citizens with ourselves of the widely-extended British realm".[83] In dieselfde brief noem hy hierdie boek "a book calculated to stir up racial passions ... especially at the present time". Colvin, die Engelse joernalis wat vroeër vir 'n Engelstalige koerant in Suid-Afrika gewerk het, en wat nou in Engeland gewoon het, het geen groot liefde vir die konserwatiewe Afrikaner gehad nie.[84] Hy het hom in sy

82) Kyk hoofstuk I, voetnoot 22 insake Leibbrandt en hoofstuk I, p. 39 insake term "Leibbrandt-skool".

83) Brief van Theal onder opskrif "The romance of Africa", in Cape Times, 17.8.1909.

84) Kyk hoofstuk I, p. 40.

boek ook sterk uitgelaat teen die Kaapse koloniste tydens die bestuur van W.A. van der Stel. Dit is ook hy wat Van der Heiden en Tas as skurke bestempel het en dit is hy wat geen fout gevind het met Van der Stel se vervolging van die vryburgers nie. Skrywers van die Leibbrandt-skool het onder andere beweer dat die vryburgers lui en ongehoorsaam was; dat baie van hulle swak boere was;[85] dat baie van hulle "a gang of robbers"[86] was; dat hulle niks omgegee het vir die bome wat die Goewerneur laat aanplant het nie;[87] dat die meeste van hulle ongedissiplineerd gelewe het, omdat daar aan die Kaap nie genoeg soldate was om dissipline en gehoorsaamheid af te dwing nie. Een van hulle het selfs beweer die boere "had tasted a new freedom in a land where, if the worst came, it was possible to flee from the just penalties of the law".[88] Die Goewerneur se diktatoriale optrede is goedgepraat omdat hy gewoond sou wees aan die regeringstelsel in Nederland "where the government was a dictatorship of the upper middle class".[89] Daar is selfs beweer dat die burgers te familiêr met die hoë amptenare was! In Holland was dit byvoorbeeld nie moontlik om sosiaal so nou met mekaar in aanraking te kom nie; daar het die gewone burgers die hoë amptenare slegs op 'n afstand bewonder, aldus S.R. Welch.[90]

85) Spilhaus: a.w., p. 61.

86) Colvin word hier deur Theal aangehaal in 'n brief aan die Cape Times, 17.8.1909.

87) Trotter: a.w., p. 102.

88) Welch: a.w., p. 432. Deur my onderstreep.

89) Ibid.

90) Ibid.

Die Leibbrandt-skool het Van der Stel gesien as 'n man wat sy tyd ver vooruit was, wat talle hervormings gebring het en in die proses op baie van die boere se tone getrap het; "the farmers liked smuggling, they liked to get their cattle for nothing from the natives, they objected to quarantining diseased animals, they objected to planting trees, they objected to growing corn".[91]

Hier het ons 'n tipiese voorbeeld van die Leibbrandt-skool se metode van geskiedskrywing. Hulle maak stellings sonder om dit behoorlik te motiveer. Dit is moeilik om hierdie stellings te kontroleer, aangesien hulle selde enige bronneverwysing gee. Die grootste teleurstelling is dat hulle geen beredeneerde kritiek lewer op dié skrywers wat Van der Stel veroordeel het nie. Daarom vergelyk hierdie populêre geskiedskrywing ongunstig met dié van byvoorbeeld Fouché en Böeseken wat volledige bronneverwysing gee.

Die meeste van hierdie skrywers het nie 'n goeie woord vir die burgerleiers nie. Veral Adam Tas[92] en Henning Hüsing[93] word skerp aangeval. 'n Mens vind dit darem baie vreemd dat een van hierdie skrywers die burgers se fanatieke vervolger, Starrenburg, as "a good man" kan bestempel.[94] Van der Stel se kras optrede teen Jan Rotterdam word ook as normaal beskou.[95]

91) Colvin: a.w., p. 144.
92) Kyk veral Welch: a.w., p. 431.
93) Kyk veral Trotter: a.w., p. 122; Welch: a.w., p. 430.
94) Colvin: a.w., p. 145.
95) Welch: a.w., p. 430.

J. Edgar meen dat die belangrikste vraag in verband met die hele kwessie die volgende is: Was die klagtes van die vry= burgers teen Van der Stel gegrond "or were they the outcome of malice and the desire to get rid of a too-efficient Governor?"[96] Maar dis geen objektiewe vraag nie, want die duidelike insinuasie daarin toon dat Edgar se simpatie by Van der Stel gelê het.

5.2 Vergelegen

Theal het gedurende die Van der Stel-polemiek in 'n Kaapse koerant aan die oud-goewerneur se verdedigers onder andere twee vrae gestel: Waarom het Van der Stel nooit sy gedurige afwesigheid van die Kasteel op sy plaas in die DAGREGISTER laat opteken soos die gebruik was nie? en waarom het hy Here XVII nooit van sy plaas "Vergelegen" in kennis gestel nie?[97] Leibbrandt het beweer dat Here XVII wel bewus was van die plaas, want daar is telkens in die korrespondensie oor boerderysake gepraat, onder andere oor die Goewerneur se wolekspériment.[98] Dit bewys egter geensins dat Here XVII van "Vergelegen" bewus was nie! Dit kom vreemd voor dat Leibbrandt so 'n opmerking kon maak, want in sy eie verta= ling in Engels van die inkomende briewe staan die volgende aanhaling uit Here XVII se brief waarin Van der Stel herroep word: "Regarding the land in Hottentots Holland, 400 morgen in extent ... but which grant has never properly come

96) Brief deur Edgar onder opskrif "The Van der Stel controversy" in Cape Times, 20.8.1909.

97) Brief deur Theal, "The Van der Stel controversy" in Cape Times, 24.8.1909.

98) Brief deur Leibbrandt, "Historians at issue" in Cape Times, 10.9.1909.

to our notice, much less has our approval of it been asked or given ..."[99]

5.3 Die Van der Stel-figuur

Edgar meen tereg dat 'n beeld van Wilhem Adriaen se karakter nie maklik uit die dokumente saamgestel kan word nie: "If the records prove anything they prove that he was a good man as his father, that he ruled wisely and kindly, and that his fall was due to a wicked conspiracy, entirely and absolutely false".[100] As Colvin sy goedkeuring aan die Goewerneur se vervolging van die vryburgers heg, meen hy dat Van der Stel selfs nog strenger teen hulle kon opgetree het! "If Van der Stel has been a harsh man he might have shot them and ended the whole business at once; but he preferred the mildest possible course, and the one nearest to legality consistent with safety."[101] Laasgenoemde opmerking wil tog duidelik sê dat Van der Stel nie wettig opgetree het nie, daarom vind 'n mens dit eienaardig dat Colvin onmiddellik hierna vervolg: "I do not think that he (Van der Stel) exceeded his legal powers, though hostile historians regard his action as high-handed tyranny".[102]

Trotter het haar lesers in die voorwoord tot haar boek uitdruklik gewaarsku dat sy 'n bloot populêre werk geskryf het en daarom kan haar opmerkings oor Van der Stel dus nie te

99) Aangehaal by Leibbrandt: Precis ... Letters Received, 1695 - 1708, 30.10.1708, p. 433.

100) Colvin: a.w., p. 142. Deur my onderstreep.

101) Ibid., p. 149. Deur my onderstreep.

102) Ibid.

ernstig opgeneem word nie. Sy sê onder andere: "This is no history. It is the outcome of work begun entirely for my own pleasure."[103] Sy meen dat Van der Stel miskien te deeglik was: "Perhaps had Governor Willem been less thorough things might have righted themselves; but he had an uncomfortable way of probing everything to the bottom."[104] Volgens Trotter was Wilhem Adriaen ook glad nie so streng soos beweer is nie: "As things went, the rule of Willem Adriaan was far from severe. His conduct to the French settlers was eminently that of a peacemaker."[105] Dit verklaar vir haar waarom soveel Franse die Goewerneur se GETUIGSKRIF onderteken het.

Welch noem Van der Stel selfs 'n vriend van die vryburgers: "Most of the freemen recognised that they had a friend in William van der Stel. He defended them from several measures proposed by Amsterdam."[106] Hy verwys hier na drie sake: Here XVII wou die boere aanvanklik nie toelaat om die binneland met hulle vee binne te trek nie; Kaapstad se inwoners is eers nie toegelaat om produkte aan skepe te verkoop nie en derdens wou Here XVII meer immigrante stuur om meer te produseer. Op aanbeveling van Wilhem Adriaen het hulle van hierdie voorneme afgesien en toegestem dat hy die ander sake anders reël.

103) Kyk hoofstuk I, voetnoot 103.
104) Trotter: a.w., p. 107.
105) Ibid., p. 109.
106) Welch: a.w., p. 426.

5.4 Kritiek op die H.O.I.K.

Sommige van hierdie skrywers het die H.O.I.K. skerp aangeval en beweer dat "er meer op het stelsel der Compagnie aan te merken viel dan op Van der Stel."[107] Hy word beskou as die onskuldige slagoffer van die Kompanjie se foutiewe stelsel.[108] Hulle meen tereg dat die Kompanjie 'n swak regeerder was omdat dit 'n handelsliggaam was wat net op profyt ingestel was en nie geld in die kolonie wou bestee nie. Dit verklaar ook die fantastiese afmetings wat korrupsie onder die swakbetaalde amptenare aangeneem het. "Within the limits fixed for his authority by the Company's orders, he was a worthy governor. If there was some legitimate resentment at the Cape against his policy, it was chiefly the fault of the callows and greedy traders of the homeland. As their minion in the colony, Van der Stel had to pay the piper."[109] Daar word ook melding gemaak van die ontevredenheid van die Amsterdamse Kamer van Here XVII met Wilhem Adriaan. Hulle sou glo gekla het dat hy hulle swak ingelig het oor Kaapse sake terwyl hulle spesiaal belas was hiermee. Van der Stel sou meer volledige inligting aan individuele direkteure gestuur het.[110]

5.5 Van der Stel nooit verhoor

'n Saak wat die Leibbrandt-skool tereg noem, is die vraag waarom Van der Stel se saak nooit amptelik voor 'n hof gedien het nie. In 'n brief aan Here XVII het Wilhem Adriaen

107) Dominicus: a.w., p. 107.
108) Ibid., p. 91.
109) Welch: a.w., p. 435.
110) Ibid., p. 429.

versoek dat die hele saak voor 'n onpartydige regter verhoor moet word en dat die skuldige daarna gestraf word.[111] Van hierdie billike versoek het egter niks gekom nie, maar dit is moontlik dat hy geweet het dat so 'n verhoor moeilik sou plaasvind. Dit sou prakties nie moontlik gewees het om die talle getuies uit die Kaap na Nederland te bring nie en Here XVII was blykbaar nie gediend om 'n onpartydige regband na die Kaap te stuur nie. Verder was die Stategeneraal bang vir politieke implikasies terwyl daar 'n oorlog aan die gang was.[112]

5.6 Simon en Wilhem Adriaen

Van die Leibbrandt-groep het Ian Colvin seker die grootste bewondering vir Wilhem Adriaen gehad. Hy noem egter die twee Van der Stels in een asem as hy van die twee "great governors" praat wie se bestuurstyd hy beskou as "the golden period of the Cape".[113] Vir al hul goeie werk "they were robbed, insulted, and abused by the very men whom they had benefited". Hy meen egter dat die toekoms anders sal oordeel: "South Africa of the future will read its history aright, and will look back on the van der Stels as the two great statesmen who laid down the lines of true policy".[114] Eerlikheid, regverdigheid en menslikheid is eienskappe wat Colvin in hier= die manne sien, maar hoe hy hierdie eienskappe op Wilhem

111) Aangehaal by Leibbrandt: Precis ... Letters Despatched, 1696 - 1708, 18.4.1708, p. 364.

112) Spilhaus: a.w., p. 87.

113) Colvin: a.w., p. 153.

114) Ibid.

Adriaen kon toepas is onbegryplik.[115] Weer eens motiveer Colvin nie sy stellings nie. Die sogenaamde "hostile historians" het egter duidelik aangetoon dat Wilhem Adriaen bogenoemde eienskappe nie besit het nie.[116]

5.7 Wilhem Adriaen se vroeë loopbaan

Soos verwag kan word beklemtoon die Leibbrandt-skool Van der Stel se vroeë loopbaan in Amsterdam waar hy onder andere 'n belangrike regspos beklee het. Almal stem saam dat hy 'n goeie naam in Nederland gehad het, maar dit vrywaar hom geensins van sy latere optrede aan die Kaap nie. Spilhaus meen hierdie agtergrond was "hardly an introduction to a career of criminal corruption into which, according to a group of burgher accusers, he flung himself after taking office as Governor".[117] En tog erken sy dat Van der Stel die slagoffer van omstandighede was: "Rather we may suppose that he himself was taken unawares by circumstances in embryo before he arrived at the Cape, gestating from Van Riebeeck's time, and destined to quicken to the undoing of yet more Cape officials in the future".[118]

5.8 Van der Stel se herroeping

Maar ook ander skrywers van die Leibbrandt-groep het redes genoem, hoewel uiteenlopend, waarom Wilhem Adriaen herroep is. Sy groot flater toe hy sommige van die vryburgerleiers na

115) Theal: "The Romance of Africa", brief in Cape Times, 17.8.1909.

116) Kyk hoofstuk II, p. 62v.

117) Spilhaus: a.w., p. 61.

118) Ibid., p. 87.

Nederland gedeporteer het word as rede aangevoer: "This gave them the inestimable advantage of presenting their case in person, which he was unable to do."[119] Dominicus meen weer dat Van der Stel nie herroep is as gevolg van verkeerde gedrag nie, maar Here XVII, sê hy, wou die rus en vrede in die kolonie herstel.[120] Hiermee erken Dominicus egter by implikasie dat Van der Stel juis die rusverstoorder was! Dit is ook opvallend dat twee skrywers die burgers van jaloesie beskuldig en dit as rede vir Van der Stel se ondergang sien. Trotter beweer dat die boere jaloers was "on account of his fine house and magnificent way of living"[121] en Colvin stel dit weer soos volg: "... the reason for this most unrighteous judgement was the jealousy felt towards the influence of the van der Stels en their relations, the Six family, and others in Holland, and in the affairs of the Company".[122] Maar Van der Stel se oorhaastige reaksie op die burgers se KLAGSKRIF word ook as rede vir sy herroeping genoem,[123] want dit wou voorkom asof hy aan 'n skuldige gewete gely het. Welch meen weer dat Van der Stel sy "eight years of intelligent administration" bederf het met sy hantering van die vleispag en sy botsing met Henning Hüsing.[124]

5.9 Lof vir die KORTE DEDUCTIE

Die meeste van hierdie skrywers praat met lof van die KORTE

119) Welch: a.w., p. 436.
120) Dominicus: a.w., p. 32.
121) Trotter: a.w., p. 119.
122) Colvin: a.w., p. 151.
123) Dominicus: a.w., p. 46.
124) Welch: a.w., p. 429.

DEDUCTIE. Dit word selfs "one of the most convincing and transparently truthful documents ever penned"[125] genoem! En ook: "a calm and dignified defence" teenoor die "unbridled ranting which his enemies produced".[126] Daar word ongetwyfeld na die 1708-teks verwys as beweer word dat Van der Stel "writes without heat, calmly and judically"[127] Met hierdie opmerking bewys Colvin dat hy beslis nie die 1706-teks onder oë gehad het nie! Dominicus is egter die mening toegedaan dat Van der Stel sy saak in hierdie dokument miskien te gunstig gestel het; hy wou sy lesers te veel oortuig en deur te veel bewyse het hy eintlik niks bewys nie. Buitendien was die saak reeds verlore en daarom is hierdie verdediging vir Dominicus nie veel werd nie.[128] Dit is egter opvallend dat verskeie Van der Stel-verdedigers die uittreksels uit die verhore van die burgers wat Van der Stel in sy KORTE DEDUCTIE opgeneem het te maklik aanvaar. Dit geld veral dié skrywers wie se publikasies voor 1914 verskyn het; in hierdie jaar het Fouché se belangrike ondersoek na die klagtes van die vryburgers verskyn. Hy was die eerste navorser wat die "interrogatoria" of verhore van die vryburgers deeglik nagegaan het en wat duidelik aangetoon het dat daar hoegenaamd nie staat gemaak kan word op die "uittreksels" wat Van der Stel gepubliseer het nie.[129]

125) Colvin: a.w., pp. 146, 147.
126) Welch: a.w., p. 435.
127) Colvin: a.w., p. 147.
128) Dominicus: a.w., pp. 69, 70.
129) Kyk hoofstuk I, pp. 24, 25.

5.10 Die Kaap na Van der Stel se vertrek

Ten slotte wys sommige verdedigers van Van der Stel daarop dat toestande aan die Kaap na die vertrek van Wilhem Adriaen nie skielik en radikaal verbeter het nie; die wyn- en vleis-pag het nog steeds groot probleme opgelewer; daar was nog amptenare wat grond besit het en op dié manier hul swak in-komste aangevul het en daar was ook nog boere wat die Kompan-jie met hul tiendes gekul het.[130] Dit is alles waar, maar die feit bly egter dat die nuus van Van der Stel se ontslag groot vreugde onder die vryburgers veroorsaak het en dat hul-le baie uitgesien het na die koms van Louis van Assenburg, die nuwe goewerneur. Van der Stel het sake aan die Kaap der-mate vertroebel dat 'n nuwe goewerneur dit nie eensklaps kon regstel nie. In die inleiding tot die CONTRA DEDUCTIE word na laasgenoemde verwys as "onzen tegenwoordigen, Godt geve langdurigen, Gouverneur; een man, wiens gelyke deze Afri-kaansche Uithoek weinig heeft gehad, en van wiens wedergâ dezelve zelden is bestiert geworden".[131] Dit is woorde hierdie wat vir die Van der Stel-verdedigers seker vreemd sou geklink het as hulle die moeite wou gedoen het om bogenoemde bron te lees.

6. SAMEVATTING

Die vraag wat by 'n mens opkom, nadat jy die verdediging van W.A. van der Stel gelees het, is: Het daar werklik 'n nuwe, gunstige beeld van Wilhem Adriaen na vore gekom? Ek vrees van nee. Van der Stel het sy bes gedoen om die aanklagte

130) Spilhaus: a.w., p. 84.

131) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, "Opdrag", bladsy nie genommer nie.

teen hom te weerlê, maar in dié proses het hy hom nog meer ongewild gemaak, nie alleen aan die Kaap nie, maar ook in Nederland. Selfs sy eie verdedigers het toegegee dat sommige van sy maatreëls hom meer kwaad as goed gedoen het. Die Leibbrandt-skool het hulle bes gedoen om Van der Stel se positiewe dade te beklemtoon, maar ander historici het dit ook gedoen. Wat egter 'n baie swak indruk laat is dat die meeste verteenwoordigers van die Leibbrandt-skool so neerhalend van die vryburgers geskryf het. Hulle kritiek op die Kompanjiestelsel is egter gefundeerd, maar dit wil nie sê dat Van der Stel onskuldig was nie. My vernaamste kritiek teen die Leibbrandt-skool is die feit dat hulle nie kennis geneem het van al die bronne oor die Van der Stel-tydperk nie; dat hulle baie min bronneverwysings gegee het; dat hulle nie hulle stellings gemotiveer het nie en dat hulle geen beredeneerde kritiek gelewer het op die sogenaamde "hostile historians" se werk nie.